



# TOIBO NUUSBRIEF 1/2018

TRANSORANJE INSTITUUT VIR BUITENGEWONE ONDERWYS (TOIBO)  
Posbus 13383, HATFIELD 0028  
Duxburyweg 174 (ingang 186), HILLCREST 0083  
Tel: 012-362 0660 Epos: [toibo@imagnet.co.za](mailto:toibo@imagnet.co.za) Webblad: [www.toibo.org.za](http://www.toibo.org.za)

Geagte Dominee

2017 was 'n hoogtepuntjaar vir die Instituut. 'n Jaar waarin 70 jaar van OMGEE en GENADE gevier is. Skaars het die nuwe jaar begin of ons word oorweldig deur goeie nuus wat ek graag met u wil deel.

Theodor Loots en Lorinda Diedericks, oudleerders van Prinshofskool, bewys dat 'n gestremdheid nie 'n diskwalifikasie is nie.



**Theodor** behaal sy PhD-graad in Wiskundige Statistiek aan die Universiteit van Pretoria. Hy is die eerste blinde persoon in Suid-Afrika wat hierdie prestasie behaal. Benewens sy akademiese prestasie, was hy sy skool se hoofseun (2002), het hy 'n swartbelt in Judo, en bespeel die klavier, viool en kitaar. Hy glo – **HOOP** stel nie teleur nie.

**Lorinda** studeer aan UNISA en behaal aan die einde van 2017 haar BA-graad in Sielkundige Berading met lof. Sy wil hê mense moet sê: **Ek het nie moed opgegee nie.**

**Hoërskool Martie du Plessis** spog met 'n 100%-slaagsyfer. Kyle Badenhorst slaag met 6 en Simone Greeff met 4 onderskeidings! Lees ook Katlego se storie onder.



**Transvalia-skool** spog ook met 'n 100%- slaagsyfer.

'n Baie besondere prestasie as in ag geneem word dat die meeste kinders in hierdie skool leergestremd is.

**Sonitusskool** het 'n 91,66%-slaagsyfer en **Prinshofskool** 'n 91,30%-slaagsyfer. Ons vertrou dat die skole na die hereksamens ook met 'n 100%-slaagsyfer sal kan spog.

**ABSA REKENINGNOMMER: 020 840 145 TAKKODE: 632 005**

**Dankie** dat u deel was van hierdie suksesverhale. Sonder u finansiële hulp, ondersteuning en gebede sou dit nie moontlik gewees het om hierdie kinders hul volle potensiaal te laat bereik nie.

**Dankie** aan ons hemelse Vader wat die afelope jaar sy hand oor die Instituut, elke skool en kind gehou het.

Saam met u as ons belangrikste vennoot, gaan ons 2018 met groot vertroue in. Kom ons wees hierdie jaar weer 'n stut vir iemand wat mank deur die lewe stap of 'n bekertjie koue water vir iemand wat dors is.

Tot ons weer gesels.

ARINA JOOSTE  
UITVOERENDE BEAMPTE

DS GERRIE VAN DYK  
VOORSITTER



Katlego Manone het nie arms nie, maar dié leerling van Bfn is Donderdag vereer as een van SA se top-matriekpresteerders. Hy is ook 'n gedugte sportman en was die doelwagter van sy skool se hokkiespan. Hy gaan vanjaar LLB studeer. – Netwerk24